HOËR MEISIESKOOL
BLOEMHOF
STELLENBOSCH
semper fidelis | altyd getrou

MAGGIE LAUBSER-GEDENKBEURS

INLIGTINGSDOKUMENT

WAT BEHELS DIE BEURS?

- Hierdie prestasiebeurs, vernoem na een van ons bekendste oudleerders, word aan 'n nuwe leerder toegeken wat uitblink op akademiese, sport-, óf kultuurgebied en dek die volle skool- en/of koshuisfonds.
- Die beurs word in **Oktober elke jaar heroorweeg** vir toekenning vir die daaropvolgende jaar. Die gedagte is om die beurs vir die leerder se volle vyf jaar in Bloemhof toe te ken, mits die leerder steeds kwalifiseer volgens die aanvanklike kriteria wat aan haar die beurs besorg het EN sy nie die gedragskode van die skool of koshuis oortree het nie. Indien ouers/voogde NIE in Oktober korrespondensie ontvang nie, kan aanvaaar word dat die beurs outomaties vir die daaropvolgende jaar goedgekeur is.

WIE MAG AANSOEK DOEN?

- Slegs **nuwe leerders** mag vir dié beurs aansoek doen.
- Die belangrikste vereiste is 'n **uitsonderlike** prestasie op akademiese, sport óf kultuurgebied.
- Die leerder moet hierdie talent tot voordeel van Bloemhof aanwend (met ander woorde vir die skool deelneem) en daarmee volhou gedurende haar jare in Bloemhof.
- Puik gedrag en selfdissipline is 'n vereiste. Die leerder moet 'n onberispelike gedragsrekord van haar laerskool hê en te alle tye 'n waardige ambassadeur vir Bloemhof wees.

WAT IS DIE PROSEDURE?

- Leerders voltooi die aansoek (op die keersy van hierdie dokument) en handig dit by die skool se ontvangs in.
- Die sluitingsdatum vir aansoeke is 12 April 2024 (dieselfde as vir WKOD-aansoeke).
- Die beurs word toegeken na goeddunke van die skoolhoof, adjunkhoof en superintendent van die koshuis.
- Indien die beurshouer haar aan wangedrag sou skuldig maak terwyl sy 'n leerder aan die HMS Bloemhof is, sal sy die beurs met onmiddellike effek verbeur. Afhangende van die aard van die wangedrag mag haar ouers/voogde verplig word om die bedrag reeds vir haar aangewend, terug te betaal.
- Indien die leerder in enige stadium voor die einde van haar skoolloopbaan die skool verlaat (verhuising).

WIE BEFONDS DIE BEURS?

- Die beurs word vanaf 2011 deur die HMS Bloemhof Trust befonds.

RIG ENIGE NAVRAE AAN:

Me. Susan Barnard – stuur 'n e-pos aan **finbestuur@bloemhofschool.co.za** of skakel haar by 021 887 3044.

HOËR MEISIESKOOL
BLOEMHOF
STELLENBOSCH
semper fidelis | altyd getrou

MAGGIE LAUBSER-GEDENKBEURS

AANSOEKVORM

**Die HMS Bloemhof bied graag die geleentheid aan 'n talentvolle leerder om aansoek om 'n prestasiebeurs te doen.
Akademiese-, sport en kultuurprestasies is die belangrikste kriteria vir hierdie beurs.
Voltooi asseblief die onderstaande vorm en handig dit by by die skool se ontvangs in.**

NAAM VAN LEERDER: _____

merk slegs een kategorie met 'n X

KATEGORIE VAN AANSOEK:	AKADEMIE	SPORT	KULTUUR

NOEM ALLE PRESTASIES MET BETREKKING TOT BOGENOEMDE KATEGORIE. HEG ASSEBLIEF BEWYSE AAN.

VERSKAF ENIGE ANDER INLIGTING TER STAWING VAN DIE AANSOEK. MELD BV. FINANSIËLE UITDAGINGS WAT ERVAAR WORD.

Hiermee verklaar ek dat die bogenoemde inligting korrek is.

NAAM VAN OUER/VOOG: _____

HANDTEKENING: _____ **DATUM:** _____